
# 84 Dit is die dag deur God geskenk




Vol vreugde dink ons aan die dag
deur voorgeslagte lank verwag,
toe God uit liefde sonder peil
sy Seun geskenk het, ons tot heil.

As ek die wonder wil deurgrond,
verstar my denke, swyg my mond;
ek sien alleen die wonder aan
en bly aanbiddend daarvoor staan.

U maak die sondaar tot Gods kind;
U word ons broer en troue vriend,
verberg u hoë majesteit,
word mens, word ons tot salligheid.

Roem almal sy geboortedag -
die skoonste ooit op aard verwag!
Juig, mensdom, loof u Koning saam,
groot is sy Naam bo elke naam!

Christian Fürchtegott Gellert (1715-69) M. Luther (1483-1546)